# SARS NOOI PUBLIEK VIR KOMMENTAAR OOR AKSYNS-HERSKRYWINGSDOKUMENT

**Pretoria, 5 Maart 2019** - Na die onlangse aankondiging in die 2019 begrotingsrede, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) 'n aksyns-herskrywingbesprekingsdokument saamgestel om die proses van die herskrywing van die aksyns wetgewende raamwerk verder te neem.

Hierdie besprekingsdokument beskryf die internasionaal-erkende aspekte van 'n aksynsadministrasie waarteen enige aksynshersiening gemeet moet word. Die inwerkingstelling en huidige gebruik van die regte-by-bronstelsel (DAS) van aksynsadministrasie, verskaf die konteks vir die hersiening van die aksynswetgewing. Bepaalde klaarblyklike tekortkominge in die huidige wetgewing ten opsigte van DAS-lisensiëring, rekeningkunde, aanslag en ontheffing van aksynsregte is geïdentifiseer vir moontlike wysiging. 'n Vergelyking van verskeie lande is ook verskaf om internasionale voorbeelde van hervormingsopsies te demonstreer. Ten slotte, toon 'n opsommende gevolgtrekking die voorstelle wat SARS ondersteun.

Die besprekingsdokument is gemik om konstruktiewe insette en kommentaar teweeg te bring van alle geaffekteerde industrië wat aksynsbare goedere vervaardig, gebruik, invoer en uitvoer, asook vanaf weier askynsbelanghebbendes. Met voltooiïng van die openbare kommentaartydperk en sodra kommentaar geprosesseer is, beplan SARS om verteenwoordigende industrie-liggame en toepaslike regeringsdepartemente te nader vir verdere samesprekings oor sodanige hervormingsvoorstelle wat bykomende insette en verfyning vereis.

Belanghebbendes word genooi om hulle insette en kommentaar teen 31 Mei 2019 te stuur vir die aandag van Me. Samantha Authar, òf elektronies aan C&E_legislativecomments@sars.gov.za, òf per hand aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Privaatsak X923, Pretoria, 0001.